basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**TEKS A: ARTIKEL**

# Wees *sélf* jou **BESTE** handelsmerk

1 Nike, Coke, Levi – dis handelsmerke wat geen bekendstelling nodig het nie. Almal ken hierdie groot internasionale rolspelers. Plaaslik is van die topmaatskappy-handelsmerke Mrs Ball's-blatjang, *SARIE* en Ouma-beskuit. Dis duidelik: 'n sterk handelsmerk bepaal sukses.

2 Ter wille van jou eie sukses is dit tyd om jou persoonlike handelsmerk te skep en uit te bou. Jong werksoekers word toenemend aangeraai om hul éie handelsmerke te vestig voordat hulle vir werksonderhoude gaan. Dit word al duideliker dat jong werksoekers nie kan bekostig om die sakewêreld sonder 'n sterk persoonlike handelsmerk aan te pak nie.

3 Sake- en leefstylafrigter, Julia Fourie van Durbanville, sê: "Bepaal eers wat jou langtermynvisie en die doel van jou handelsmerk is. Wees egter eg en onthou: eerste indrukke tel. Wanneer jy iemand ontmoet of op sosiale media verskyn, maak seker jou klere, lyftaal, nuanses in jou stem, wat jy sê, verswyg om te sê, is wat die wêreld moet sien. Kortom, wie en wat jy is of wil verteenwoordig, is jou handelsmerk," sê Fourie.

4 Georg Knoke, vryskutdosent aan die Instituut vir Bemarkingsbestuur wat op handelsmerke, digitale bemarking en sosiale media fokus, ondersteun Fourie se standpunt wanneer hy opmerk: "Opinies word binne vyf sekondes gevorm, voordat jy nog jou mond opgemaak het. As jy 'n slegte eerste indruk maak, neem dit tot twintig jaar om dit te herstel."

5 Hy beskryf die kenmerke van 'n goeie persoonlike handelsmerk as egtheid, aantreklikheid en professionaliteit. Goeie kommunikasievaardighede sodat jy jou saak onomwonde kan stel, is ook belangrik. Die kletskoningin, Oprah Winfrey, en komediant, Trevor Noah, is voorbeelde. Hy reken dit sal goed wees as kinders reeds op skool ingelig word oor die waarde van 'n goeie handelsmerk – veral in vandag se ekonomiese tye, waar jy nêrens kom as jy jouself nie kan bemark nie.

6 Soms maak jy "foute" en skep 'n beeld wat nie met jou handelsmerk strook nie. Dit is nadelig. "Hoe beter jy jouself verstaan, hoe meer sal jy besef wat jy eintlik vir die ander persoon/werkgewer oor jouself wil 'sê'," verduidelik Fourie.

7 Jy sal dit nooit honderd persent regkry om nie foute te maak nie. Interpretasie van jou handelsmerk deur werkgewers is afhanklik van hulle kultuuragtergrond en geloof (doen dus eers 'n bietjie navorsing indien nodig!), maar daar is sekere algemeen aanvaarbare standaarde waarvolgens jy kan optree. Lyk netjies, ruik lekker, praat duidelik. Luister na mense, vra belangstellend uit, maar moenie persoonlike vrae vra nie. Moenie dadelik te veel persoonlike inligting oordra nie; wees ontspanne en selfversekerd, maar nie aanstellerig nie.

8 Fourie waarsku dat dit taboe is om foto's op sosiale media te plaas waar jy kaal/skraps geklee is, onder die invloed van drank verkeer of iemand oopmond soen. 'n Definitiewe taboe is platvloerse statusse met onsmaaklike grappe en vloekwoorde.

9 Knoke bied ook raad in die vestiging van jou eie handelsmerk aan. Hy beveel aan dat jy nie by persoonlike vetes op sosiale media betrokke moet raak nie, en liefs moet wegbly van politiek en godsdiens. "As jy een keer 'n uitspraak op sosiale media gemaak het, is dit vir ewig daar. Jare daarna haal mense jou nog aan. Maak seker dat jou taalgebruik onberispelik is – géén vloekery nie en beslis ook géén spelfoute nie."

10 'n Nuwe neiging is om onderhoude met die werkgewer aanlyn, via Skype, te voer. Sorg dat jy tydens so 'n onderhoud 'n professionele handelsmerk voorhou, aldus Knoke. Hy stel voor: "Vermy te veel juweliersware, verberg tatoeëermerke en raak ontslae van neusringe."

11 Deesdae bepaal individue se handelsmerke hul sukses makliker as wat groot maatskappye se handelsmerke húl sukses bepaal, volgens die webtuiste www.werksoek.com. Maatskappye kyk nie meer net na toekomstige werknemers se curriculum vitaes en verwysingsbriewe nie, en beoordeel hulle aansoekers nie slegs op grond van onderhoude nie. Jou aanlyn teenwoordigheid tel baie punte. Met 'n sterk aanlyn handelsmerk kan jy tot 500% meer mense bereik as wanneer maatskappye dieselfde inligting versprei, meen die webtuiste.


12 Mense vind dit moeilik om hul eie handelsmerke te vestig – aanlyn of in die regte lewe. Maar Fourie meen jy sal moet leer om uit jou gemaksone te kom. "Dit is deel van die handelsmerkuitdaging. Wees trots op die dinge wat jy bereik het en plaas gerus jou suksesse op sosiale media; jy kan nie verwag dat mense iewers anders moet uitvind wat jy hulle kan bied nie. Dan gaan jy nie in jou loopbaan vorder nie," sê sy.

13 Indien jy 'n sukses van jou loopbaan wil maak, is dit waardevol om raad van kenners in te win, is Knoke se raad, veral wanneer jy beplan om aansoek te doen om 'n pos by groot maatskappye soos Sasol, Eskom en Absa. Hy voeg by dat jy moet sorg dat jou persoonlike handelsmerk by hul maatskappybeeld pas.

14 Verder is Knoke van mening dat jou persoonlike handelsmerk soos 'n sleutel in 'n slot by jou sakebelange moet pas. "Die wagwoord is: wees eg/outentiek. Só wen jy harte en bou jy 'n goeie reputasie. Dán wil mense jou volg en kan jy hulle beïnvloed."

[Verwerk uit *Sarie*, Januarie 2018]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Verwerk uit https://www.msccruises.co.za]

* Botox is 'n middel wat in klein hoeveelhede deur plastiese sjirurge gebruik word om lyne en plooitjies op die gesig tydelik te verwyder of minder opvallend te maak.

## VRAE: TEKS A

1.1 Gee die woord in die titel wat by *"SARIE"* in paragraaf 1 aansluit. (1)

1.2 Is Coke 'n voorbeeld van 'n tophandelsmerk? Motiveer jou antwoord. (1)

1.3 Wat is, volgens Julia Fourie, die eerste aspek wat jy in ag moet neem met die bou van jou eie handelsmerk? (1)

1.4 Wat is 'n handelsmerk, volgens Julia Fourie? (1)

1.5 Herlees paragraaf 3 en 4.

Watter ooreenstemmende sienswyse huldig Fourie en Knoke? Kan hul uitsprake as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Watter VIER kwaliteite, volgens Knoke, sal 'n goeie persoonlike handelsmerk waarborg? (4)

1.7 Herlees paragraaf 3 en 6.

Noem TWEE maniere waarop jy sogenaamde "foute" ten opsigte van jou voorkoms kan voorkom. Is dit, na jou mening, moontlik om altyd 'n positiewe handelsmerk met betrekking tot jou voorkoms uit te straal? Motiveer jou antwoord. (3)

1.8 Paragraaf 7 noem algemeen aanvaarbare standaarde.

Watter TWEE van dié standaarde beskou jý as die belangrikste kommunikasievaardighede tydens 'n werksonderhoud? Gee 'n rede vir ELKE standaard wat jy noem. (2)

1.9 Fourie en Knoke gee waarskuwings ten opsigte van sosiale media.

Noem die waarskuwing waarvan albei melding maak. Gee TWEE redes waarom hierdie waarskuwing ten opsigte van sosiale media so belangrik is. (3)

1.10 In watter opsig weerspreek die onderstreepte sin in paragraaf 11 die mening van die joernalis in paragraaf 1? (1)

1.11 Gee TWEE redes waarom sommige mense dit so uitdagend vind om 'n eie handelsmerk te vestig. (2)

1.12 Dink jy die aanbeveling in die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 13 is sinvol vir 'n jong werksoeker? Motiveer jou antwoord. (1)

1.13 Gee TWEE gevolge wat 'n outentieke persoonlike handelsmerk vir jou kan inhou. (2)

**VRAE: TEKS B**

1.14 Watter visuele leidraad in TEKS B dui daarop dat die pratende kameel afgunstig op die ander twee kamele is? (1)

1.15 Wat word met die sin in SPRAAKBORREL 2 geïmpliseer? (1)

1.16 Op watter manier slaag die spotprent daarin om die fokus op volronde lippe te plaas? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.17 Herlees TEKS A (paragraaf 5) en TEKS B.

Noem TWEE ooreenkomste tussen dié paragraaf en die AGTERGROND-INLIGTING in TEKS B.

Gee 'n aanhaling uit SPRAAKBORREL 1 wat op 'n ooreenkoms tussen TEKS A (paragraaf 5) en dié spraakborrel dui. (3)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE wenke wat jy kan gebruik om 'n goeie CV (curriculum vitae) op te stel**.

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet 'n samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**KELDER JOU CV JOU?**

As jy ondanks jou goeie kwalifikasies voel dis makliker om die Lotto te wen as om 'n werksonderhoud te kry, lê die probleem dalk by jou CV.

Jou CV is die eerste en enigste indruk wat die maatskappy van jou het. Sorg dat jou CV taalkundig goed versorg is, sodat jy die beste indruk moontlik maak. Moenie in die versoeking kom om die waarheid effens te rek in 'n poging om jou CV so blink as moontlik te poets nie; eerlike bewyse en inligting wek nie agterdog nie.

As jy by 'n groot maatskappy om 'n posisie aansoek doen, sit die posbenaming op jou CV by; die kanse is goed dat hulle ook ander poste adverteer. Indien jy net "werksaansoek" op die CV/koevert skryf, kan dit maklik misgekyk word.

As jy by meer as een maatskappy en om verskeie poste aansoek doen, is dit belangrik dat jou CV raakgesien word. Maak jou CV uniek deur seker te maak dat jy alle tersaaklike inligting by die CV insluit, bv. alle addisionele kursusse wat jy voltooi het. Lig jou sterkste eienskappe uit wat dit duidelik maak dat jy 'n bydrae tot voordeel van die maatskappy se strukture kan lewer.

'n Droomwerk vereis 'n droomkandidaat. Jy gaan nie soos een lyk as jy twee jaar gelede graad gekry het en sedertdien by die huis gesit en niks gedoen het nie. As jy nie werk kry nie, doen iets om persoonlik te groei of leer iets nuuts aan. As vyftig mense om 'n pos aansoek doen en jy het nagelaat om verwysings van vorige aanstellings in te sit, is jou kans skraal dat iemand die moeite gaan doen om daarvoor te vra.

Jy sal nie kan terugsit in die hoop dat jy die beste aansoek uitgestuur het nie. Jou soektog is soos 'n werk. Bly daagliks op die uitkyk na nuwe moontlikhede, sodat jy jou CV gereeld kan aanpas om onmiddellik te kan reageer wanneer 'n geleentheid hom voordoen.

Bly positief, hou moed en hanteer elke aansoek met trots asof dit die een is wat gaan slaag.

[Verwerk uit *rooi rose*, November 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




[Verwerk uit https://static0.tiendeo.co.za]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gee die oortreffende trap van die onderstreepte woord in reël 1. (1)

3.2 Die advertensie gebruik die woord "smaakliker" in reël 1.

Gebruik die woord "smaakvol" in 'n verduidelikende sin. (1)

3.3 Verdeel die onderstreepte woord in reël 2 in lettergrepe. (1)

3.4 Gee die betekenisfunksie van die agtervoegsel van die woord in reël 4. (1)

3.5 Watter TWEE boodskappe wil die adverteerder met die woord in reël 4 oordra? (2)

3.6 Gee die korrekte afkorting van die onderstreepte woord in reël 9. (1)

3.7 Watter aanname kan Checkers se klante na aanleiding van reëls 10 tot 12 maak? (1)


3.8 Waarom gee die adverteerder voorkeur aan regmerkies in reëls 13 tot 17? (1)

3.9 Dink jy die stervorm (A) in die hoek regs onder in die advertensie ondersteun die slagspreuk in reël 18? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**






[Verwerk uit *Die Burger*, Maart 2018]

## VRAE: TEKS E

4.1 Benoem die onderstreepte werkwoord in RAAMPIE 1 volledig. (1)

4.2 Skryf die meervoud van die onderstreepte woord in RAAMPIE 4 neer. (1)

4.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die passasier se woorde in die onderstreepte sinsdeel in RAAMPIE 6? (1)

4.4 Gebruik 'n toepaslike skryfteken om die vetgedrukte woord in RAAMPIE 7 op 'n ander manier as vetdruk te beklemtoon. (1)

4.5 Ondersteun die visuele voorstelling in RAAMPIE 7 die onderstreepte sin in dié raampie? Motiveer jou antwoord. (1)

4.6 Verbind die verkeersman se onderstreepte sinne in RAAMPIE 10 om 'n veelvoudige sin te vorm. (1)

4.7 Gebruik die onderstreepte woord in RAAMPIE 12 as 'n afgeleide werkwoord in 'n verduidelikende sin. (1)

4.8 Haal die **sinsdeel** aan waarmee Mama Taxi die verkeersman probeer manipuleer en dui die aard van die manipulasie aan. (2)

4.9 Wat is die konnotatiewe betekenis van die verkeersman se woorde in RAAMPIE 14? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F

**SUIKER: DIS WAT DÍT AAN JOU DOEN**

1 Jy weet jy moet minder soetgoed eet.

2 Jy gooi dit by jou koffie/tee. Voeg dit by gebak soos pasteie en koek. Sprinkel dit oor jou ontbytvlokkies en hawermout, proe dit in tamatiesous en in feitlik elke versnapering. Suiker. Vir ons is dit 'n verloklike lekkerte.

3 Maar die verband tussen suiker en chroniese siektes kom toenemend onder die soeklig. Kenners beskou ons suikerinname as 'n moontlike oorsaak van die wêreldwye epidemie van vetsug, metaboliese sindroom, hoë bloeddruk, cholesterol en bloedsuiker. Dit kan jou kans op diabetes, bloedvat- en lewersiektes vergroot.

4 Sowat 65% vroue en 31% mans is oorgewig/vetsugtig. Ook sowat 23% kinders van 2 tot 14, volgens die Dieetkundevereniging van SA (ADSA). Tot 150 jaar gelede was suiker nie stapelkos nie. Nou gebruik ons jaarliks gemiddeld sowat 50 kg per persoon. "Dis 29 teelepels per dag!" sê die Dieetkundevereniging.

5 Piet Smit vra of jy presies weet wat die effek van so baie soetgoed op jou liggaam is. Die antwoord is eenvoudig: Jou gesondheid word afgebreek! Volgens hom is nalatigheid 'n duur prys om vir jou gesondheid te betaal.

6 Suikerverslaafdes kan óf natuurlike versoeters óf kunsmatige versoeters as alternatief oorweeg. **Jou gesondheid is belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe**.

[Verwerk uit *SARIE*, 29 Desember 2017]

### VRAE: TEKS F

5.1 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 en EEN woord uit paragraaf 2 neer wat direk met "dít" in die titel verband hou. (2)

5.2 Gee 'n voorbeeld van kontaminasie uit paragraaf 2. (1)

5.3 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die lydende vorm. (1)

5.4 Skryf die woord in paragraaf 5 neer wat deur ontronding beïnvloed kan word. Gebruik dié ontronde woord in 'n sin van jou eie. (2)

5.5 Gee die direkte rede van die onderstreepte sin in paragraaf 5. (1)

5.6 Gebruik die verlede deelwoord van "vra" (in paragraaf 5) in 'n verduidelikende sin. (1)

5.7 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 6 in die ontkennende vorm. (1)

5.8 Brei die vetgedrukte sin in paragraaf 6 met 'n bywoordelike bysin uit. Skryf die sin met die uitbreiding neer. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

| Goedgekeur | Goedgekeur | Goedgekeur |
|---|---|---|
| Prof. A. Coetser<br>Umalusi-moderator<br>13 November 2018 | Me. S. Fourie<br>Umalusi-moderator<br>13 November 2018 | I. Jansen van Nieuwenhuizen<br>DBE: Interne Moderator<br>13 November 2018 |

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesstuk. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie, tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE of EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Die nasien van 'n aanhaling vereis dat die aanhaling 100% korrek aangehaal moet word.
- Aanvaar dialektiese variasies.

| **VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)*** | | |
|---|---|---|
| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** |
| 1.1 | "handelsmerk" √ | 1 |
| 1.2 | Ja<br>Coke is internasionaal bekend./het geen bekendstelling nodig nie. √<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1 |
| 1.3 | Jy moet bepaal wat jou langtermynvisie (en)/die doel van jou handelsmerk is. √<br>*Die kandidaat kan slegs een van die twee aspekte vir EEN punt aanbied.* | 1 |
| 1.4 | Dit is wie en wat jy is./wil verteenwoordig./Jou klere, lyftaal en nuanses in jou stem/wat jy sê, verswyg om te sê √ | 1 |
| 1.5 | Eerste indrukke tel./Opinies word gou gevorm. √<br>Ja<br>Hulle is albei kenners/kundiges van (die vestiging van) persoonlike handelsmerke. √<br>*Die kandidaat kan nie NEE as antwoord aanbied nie.* | 1<br>1 |
| 1.6 | Egtheid √<br>Aantreklikheid √<br>Professionaliteit √<br>Goeie kommunikasievaardighede/om jou saak onomwonde/duidelik te kan stel √ | 4 |
| 1.7 | Gee aandag aan jou klere. √<br>Gee aandag aan jou lyftaal. √<br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat se antwoord moet die klem op "voorkoms" laat val.*<br>*Die kandidaat mag ook die aanhaling uit paragraaf 3 (wat fokus op klere en lyftaal) gee.*<br>**EN** | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| | <u>Nee/Ek stem nie saam nie</u><br>Jy het nie beheer oor hoe iemand anders na jou/jou klere/jou voorkoms kyk nie./<br>Kultuur-/Geloofsverskille/Veral klere kan soms bydra tot verkeerde indrukke./persep-sies.<br><br>**OF**<br><br><u>Ja/Ek stem saam</u><br>Wanneer jy voorbereiding/huiswerk behoorlik doen, (sal jy 'n positiewe handelsmerk uitstraal)/.<br>As jy (altyd) gesteld is op jou kleredrag/netjies is/professioneel lyk, (sal jy 'n positiewe handelsmerk uitstraal). √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.8 | Praat duidelik – dit dra jou handelsmerk positief oor./toon goeie/sinvolle kommuni-kasievaardighede (wat alle onduidelikhede/verwarring uitskakel)./<br>Luister na mense, sodat jy gepas antwoord op die vrae wat aan jou gestel word./ want dit wys jy stel belang.<br>Wees selfversekerd, want dit dui op selfvertroue (om die moontlike aanstelling te regverdig)./om sinvol met ander mense te kommunikeer. √√<br><br>*Vra belangstellend uit/moenie persoonlike vrae vra nie/moenie te veel inligting oor jouself oordra nie se redes kan ook vir 1 punt elk oorweeg word*.<br>*Die kandidaat bied enige TWEE soortgelyke redes na aanleiding van par. 7 vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.9 | Fourie en Knoke verwys albei na (geen) vloekery./(geen) kru taalgebruik. √<br><br>Kru taalgebruik/vloekery op sosiale media bly permanent op die gebruiker se sosiale blad (wat deel van jou handelsmerk vorm.)/<br>Kru taalgebruik/vloekery vorm deel van jou aanlyn curriculum vitae vir toekomstige werkgewers./<br>Jou optrede op sosiale media kan jare later steeds deur werkgewers teen jou gebruik word./<br>'n Mediablaps benadeel jou persoonlike handelsmerk. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 1.10 | Die sin (in paragraaf 11) verwys na individue se handelsmerke wat bepalender vir sukses as groot maatskappye s'n is; terwyl die ander sin (in paragraaf 1) na maatskappye se sterk handelsmerke as bepalend vir sukses verwys. √<br><br>*Die kandidaat moet na beide paragrawe vir EEN punt verwys of dit impliseer.* | 1 |
| 1.11 | Hulle verkeer in 'n gemaksone./<br>Hulle plaas nie hulle suksesse/prestasies/vermoë op sosiale media nie./Hulle is nie trots op wat hulle bereik het nie./<br>Beskik nie oor goeie kommunikasievaardighede nie./<br>Hulle is nie eg met die vestiging van 'n handelsmerk nie./is nie aantreklik/ professioneel nie.√√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.12 | Ja.<br>Kenners praat uit ondervinding./staan in die praktyk daarom weet hulle waarvan hulle praat.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>As jy regtig eg/outentiek is, doen jy jou eie ding./jy jou laat beïnvloed deur 'n kenner, tas dit jou geloofwaardigheid aan. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Jy wen daarmee harte./<br>Jy bou 'n **goeie** reputasie./<br>Jy word 'n rolmodel./leier./kan ander beïnvloed./<br>Jy kry werk./bereik sakesukses. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.14 | Sy/Haar bek hang./<br>Hy/Sy kyk met leepoë/oë wat halfpad oop is na die ander kamele (met die volronde lippe)./<br>Dit lyk of die pratende kameel frons./gluur. √ | 1 |
| 1.15 | Almal praat daarvan./oor die Botox-inspuiting vir die kamele. √ | 1 |
| 1.16 | Die woord "lippe" is in vetdruk (in SPRAAKBORREL 1)./<br>Die kamele met die volronde lippe word in die voorgrond van die visuele teks geplaas./is prominenter geteken./<br>Die woorde wat die muis gebruik/Herhaaldelike verwysing na "lippe"/woordspeling √ | 1 |
| 1.17 | Albei tekste handel oor aantreklikheid as deel van 'n persoonlike handelsmerk./<br>Albei tekste handel oor die waarde van 'n handelsmerk./<br>Albei tekste handel oor die waarde/belangrikheid van bemarking./oor die feit dat jy nêrens sonder bemarking kan kom nie./<br>Mense oordeel jou op jou voorkoms tydens onderhoude net soos die kamele tydens die kompetisies op hul voorkoms beoordeel word./<br>Egtheid in die een teks word teenoor die afwesigheid van egtheid in die ander teks gestel. √√<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die woorde "Albei tekste handel" kan ook geïmpliseer word.*<br><br>" ... ons is mos van jongs af geleer om net onsself te wees?"/" 'n Kameel hoef net 'n kameel te wees ..."/" ... van jongs af ..." √ | 2<br><br><br><br><br>1 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

Tydens die nasien van die opsomming is die insluiting van geldige feite en die uitsluiting van irrelevante feite belangrik.

- Opskrif/Titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien 'n kandidaat meer as een paragraaf skryf, sien slegs die eerste paragraaf na.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

| |
|---|
| Maak eerstens seker dat jou CV geen taal- en spelfoute het nie. Moenie vals inligting in jou CV insluit nie; bly by die waarheid. Maak vervolgens seker dat die geadverteerde posbenaming op jou CV verskyn en sluit al die tersaaklike inligting vir die pos in die CV in. Beklemtoon jou sterk-ste eienskappe wat jou 'n aanwins vir die maatskappy sal maak; onthou verder om verwysings van vorige aanstellings en/of opleiding by te voeg. Voeg gereeld nuwe inligting by. **Getal woorde: 79** |

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Sorg dat jou CV* ***taalkundig goed versorg*** *is, sodat jy die beste indruk moontlik maak.* | A | Maak seker dat jou CV geen taal- en spelfoute het nie. |
| 2 | *Moenie in die versoeking kom om die* ***waarheid effens te rek*** *in 'n poging om jou CV so blink as moontlik te poets nie; eerlike bewyse en inligting wek nie agterdog nie.* | B | Moenie vals inligting in jou CV insluit nie./Bied slegs die waarheid in jou CV aan. |
| 3 | *... sit die* ***posbenaming*** *op jou CV by; ...* | C | Maak seker dat die geadverteerde pos se benaming op jou CV verskyn. |
| 4 | *Maak jou CV uniek deur te kontroleer dat jy* ***alle tersaaklike inligting*** *in die CV insluit, ...* | D | Sluit al die tersaaklike inligting vir die pos in die CV in. |
| 5 | ***Lig jou sterkste eienskappe uit wat dit duidelik maak dat jy 'n bydrae tot voordeel van die maatskappy se strukture*** *kan lewer.* | E | Beklemtoon jou sterkste eienskappe wat jou 'n aanwins vir die maatskappy sal maak. |
| 6 | *... jy het nagelaat om* ***verwysings van vorige aanstellings in te sit,*** *is jou kans skraal dat iemand die moeite gaan doen om daarvoor te vra.* | F | Onthou om verwysings van vorige aanstellings by te voeg. |
| 7 | ***… sodat jy jou CV gereeld kan aanpas*** *om onmiddellik te kan reageer wanneer 'n geleentheid hom voordoen.* | G | Voeg gereeld nuwe inligting in jou CV by. |
| | | | **Getal woorde: 79** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie, tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | (die) smaaklikste √ | 1 |
| 3.2 | Die matriekdogters/-meisies trek naweke smaakvol aan./<br>Die vrou se huis is smaakvol ingerig./versier./<br>Sy maak haar lippe rooi, maar baie effentjies; nogal smaakvol. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin vir EEN punt aan.*<br>*Smaakvol: wat van goeie smaak getuig; met smaak. [HAT 6, bl. 1189]* | 1 |
| 3.3. | sen-sa-si-o-ne-le/<br>sen/sa/si/o/ne/le √ | 1 |
| 3.4 | sonder/geen/nie √ | 1 |
| 3.5 | Dis maklik/moeiteloos om met Checkers se produkte gesond te leef./eet. √<br>Met Checkers se produkte spaar jy regtig moeite. √ | 2 |
| 3.6 | g √<br><br>*Die kandidaat moet die afkorting sonder 'n punt en as 'n kleinletter aanbied.* | 1 |
| 3.7 | (Alles wat jy by Checkers koop,) is asof dit nou geoes/gepluk is./altyd vars is./ buitengewoon vars is./se varsheid is gewaarborg. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.8 | Regmerkies suggereer dat dit korrek/reg/goed is om by Checkers te koop./<br>Die regmerkies suggereer sterker as aandagkolle dat iets reg/korrek/aanvaarbaar/vars/ positief is.<br>Dis deel van die oorredingstaktiek van die adverteerders om mense te beïnvloed om by Checkers te koop. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 3.9 | Ja<br>Die stervorm suggereer Checkers verdien 'n toekenning./dit is korrek om Checkers-produkte te koop wat by die slagspreuk aansluit.<br>'n Ster word gebruik om kwaliteit aan te dui wat by die slagspreuk aansluit.<br>**OF**<br>Nee<br>Dit word slegs gebruik om die prys van die waatlemoen uit te hef. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Hulpwerkwoord van modaliteit/van wyse/Modale hulpwerkwoord √ | 1 |
| 4.2 | taxi's √<br><br>*Spelling is belangrik* | 1 |
| 4.3 | Ander motoriste wys tekens vir haar./is kwaad vir haar. √ | 1 |
| 4.4 | róói √<br><br>*Die kandidaat moet albei akuuttekens op die o's gebruik; die i kry nie 'n akuut nie.* | 1 |
| 4.5 | Ja.<br>Sy buitengewoon groot/oopgesperde oë/gerekte oë/uithangende tong dui op sy skok/ ontsteltenisverskrikking/vir Mama Taxi se gebrek aan verantwoordelikheid./roekelose bestuur./<br>Die strepies bokant sy kop/gekreukelde koerant dui op sy skok/ontsteltenis aan./vir Mama Taxi se gebrek aan verantwoordelikheid./roekelose bestuur aan. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.6 | Jou regterflikkerlig is aan, maar jy draai links./<br>Jou regterflikkerlig is aan en jy draai links./<br>Jou regterflikkerlig is aan; jy draai links./<br>Jou regterflikkerlig is aan, jy draai links./<br>Jy draai links, maar jou regterflikkerlig is aan./<br>Jy draai links en jou regterflikkerlig is aan. √<br><br>*Die kandidaat moet die woordorde sowel as die leestekens korrek aanbied.* | 1 |
| 4.7 | Ek verlekker my nie in haar swaarkry/smart/leed/vernedering nie.<br>Ek verlekker my in 'n mooi vooruitsig.<br>Hulp van buite het hulle al so verlekker dat hulle self niks meer wil doen nie. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met <u>verlekker</u> aan.*<br>*Spelling moet korrek wees.* | 1 |
| 4.8 | "... (as jy my nou dadelik laat ry,) koop ek vir jou ook iets (om te kou)!" √<br><br>Mama Taxi wil die verkeersman omkoop./oorreed om haar nie te beboet nie. √<br><br>*Die kandidaat word nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie.* | 1<br>1 |
| 4.9 | Sy kry 'n boete/word beboet./<br>Sy moet die boete oordink./oor die boete peins. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | soetgoed/ √<br>suiker √ | 1<br>1 |
| 5.2 | verloklike √ | 1 |
| 5.3 | Jou kans op diabetes, bloedvat- en lewersiektes kan (daardeur) vergroot word. √ | 1 |
| 5.4 | duur √<br>*Die kandidaat bied 'n sin met "dier" vir EEN punt aan, bv.*<br>'n Koei is 'n dier wat aan ons melk verskaf./<br>My ma koop vir my duur/"dier" skoene. √ | 1<br><br><br>1 |
| 5.5 | "Weet jy presies wat die effek van so baie soetgoed op jou liggaam is?" vra Piet Smit./<br>Piet Smit (vra): "Weet jy presies wat die effek van so baie soetgoed op jou liggaam is?" √<br>*Die kandidaat moet die vraagteken sowel as die aanhalingstekens by die antwoord gebruik.* | 1 |
| 5.6 | Die seun het die gevraagde teiken bereik nadat hy hard gewerk het./<br>Het jy vir my die gevraagde resultate gebring?/<br>Sy kritiek is gevraagd. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met "gevraagde" vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.7 | Suikerverslaafdes kan nóg natuurlike versoeters nóg kunsmatige versoeters as alternatief oorweeg. √<br>*Die kandidaat moet die sin in die korrekte vorm mét die akuuttekens aanbied.* | 1 |
| 5.8 | Jou gesondheid is, <u>in die tyd waarin ons leef</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is, <u>gegewe die omstandighede waarin ons leef</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is, <u>soos ons almal weet</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is, <u>omdat jy net een lewe het</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is, <u>wanneer jy oefen</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe./<br>Jou gesondheid is, <u>hoewel dit moeilik is om vol te hou</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe./<br>Jou gesondheid is, <u>soos jy kan dink</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe./<br>Jou gesondheid is, <u>omdat jy slim is</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is, <u>mits jy reg eet</u>, belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe.<br>Jou gesondheid is belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe(,) <u>omdat jy nie vet wil word nie</u>.<br><u>Aangesien jy slim is</u>, is jou gesondheid belangriker as 'n oomblik se lekkerte op jou lippe. √<br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Woordorde, hoofletters en leestekens moet telkens korrek wees.* | 1 |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |